

'N BESREDENBAREDE GESAMENTLIKE KATALOGUS
VAN GROENBOEKE VAN DIE ZUID-AFRIKAANSKE
REPUBLIEK

Petrus Jacobus Schutte

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike
voldoening aan die vereistes vir die
graad M.A.(Bibl.) aan die Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike Hoër
Onderwys

Potchefstroom
1966

INLEIDING

I. OMVANG

Die sogenoemde groenboeke van die Zuid-Afrikaansche Republiek (Z.A.R.) 1881 - 1900 is die ekwivalent van die blouboeke van die Kaapkolonie en die oranjeboeke van die Oranje-Vrijstaat. Hulle is daardie stukke wat deur die regering belangrik genoeg beskou was om aan die volksraad ter tafel te lê en uiteindelik op gesag gepubliseer is. Die groenboeke is dus 'n sekere groep staatspublikasies.

'n Staatspublikasie kan omskryf word as enige gedrukte materiaal met die impressum van 'n staat, of gedruk op die onkoste en gesag van 'n staat. Die Transvaalse Argiefbewaarplek te Pretoria, wat die volledige versameling staatspublikasies van die Z.A.R. besit, verdeel hierdie publikasies in staatskoerante, notules van die Eerste en Tweede Volksraad, besluite van die Uitvoerende Raad, lokale wette, staatsalmanakke, en alles wat nie onder hierdie vyf groepe ressorteer nie, word omskryf as groenboeke. Dit bring mee dat sommige publikasies wat beslis nie aan die bostaande definisie van 'n staatspublikasie voldoen nie, deur genoemde Argiefbewaarplek as groenboeke behandel word, bv. „Rules and regulations of the Johannesburg Sanitary Committee.”

Die enigste definisie van 'n groenboek deur 'n amp-tenaar van die Z.A.R. wat gevind kon word, is dié van dr. W.J. Leyds. „Deze [groenboeken] bestaat uit twee rubrieken:

1. Groenboeken die correspondentie inhouden, hoofdzakelijk met Engeland.

2. Jaarverslagen der departementen der Zuid-Afrikaansche Republiek."¹⁾

Die tweede groep groenboeke in Leyds se woorde spreek vir hulleself. Groenboeke in die eerste groep het hy egter nie duidelik omlyn nie. Dit sou miskien beter gewees het om hulle gepubliseerde korrespondensie van die Staatssekretaris te noem. In hierdie groep kry 'n mens egter ook meer as net korrespondensie, soos bv. die sg. „Zululand-groenboek", „Eene eeuw van onrecht", notules van konferensies, traktate, konsessies en ooreenkomste, verslae van kongresse en kommissies van ondersoek, ens. Tensy hulle in reekse genommer is, is daar vasgestel of sodanige stukke op die tafel van die volksraad was. Dit is gedoen met behulp van die notules van die Eerste en Tweede Volksraad.

Dit was ook nodig om publikasies wat nie aan die omskrywing van groenboeke voldoen nie in die Katalogus op te neem. Die verslae in verband met spoorwegaangeleenthede kan hier as voorbeeld dien. Die enigste amptelike departementele jaarverslae is dié van die Regeringskommissaris van Spoorweë. Die spoorweë was egter 'n buitelandse onderneming, nl. die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (N.Z.A.S.M.) wat ook jaarverslae in Nederland gepubliseer het. Hierdie verslae was op die tafel van die Eerste en/of Tweede Volksraad, en 'n derde verslag was dié van die volksraads-kommissie wat die verslae van die Regeringskommissaris en

1) Uittreksel uit 'n brief van dr. W.J. Leyds, gedateer den Haag, 27 Oktober 1931, aan dr. D.F. Malan, Minister van Buitelandse Sake, Pretoria. Aangehaal uit D.W. Krüger. Dr. Leyds-Archief; inventaris. Pretoria, Staatsarchief, 1935. p. 76. Ongepubliseer.

die N.Z.A.S.M. moes bestudeer. Hierdie drie verslae vorm saam 'n geheel en daarom is die verslae van die N.Z.A.S.M. ook opgeneem.

Die groenboeke was reeds in die tyd van die Z.A.R. bekend as groenboeke, en wel vanweë die kenmerkende groen omslae waarin hulle gebind is. So word daar bv. in advertensies van die Staatsdrukkerij verwys na die „Zululand-groenboek“. Weens die feit dat die onderwysjaarverslae nie in groen omslae gebind is nie en ook nie van die gewone foliogrootte is nie, beskou sommige hulle nie as groenboeke nie. Aangesien hulle sedert 1893 in dieselfde reekse genommer is as ander jaarverslae, en aangesien dit nie duidelik is waarom daar onderskeid gemaak word tussen die jaarverslae van die Superintendent van Onderwys en bv. die Superintendent van Naturelle nie, is die onderwysjaarverslae opgeneem as groenboeke.

Die Katalogus is net so volledig as wat biblioteke en argiewe hulle groenboekbesit aan my verstrek het. Aangesien daar skynbaar geen amptelike lys van groenboeke bestaan nie, was dit onmoontlik om vas te stel hoe volledig die Republiek se groenboekbesit is. Volgens Leyds was daar teen 1931 sprake dat daar geen volledige stel in Suid-Afrika is nie, want hy het soos volg aan dr. D.F. Malan geskryf: „De eerste [d.i. groenboeken die correspondentie inhouden...] zijn te Pretoria aanwezig, doch de tweede, de verslagen, zijn daar niet compleet, naar ik van den heer Graham Botha begrepen heb. Ik zend dus een collectie verslagen zoo volledig als ze in mijn bezit zijn.“

Het kwam mij echter niet nodig voor de correspondentie-groenboeken te zenden, te meer omdat zij niet voorkomen in de Bibliotheek van het Vredespaleis, en de bibliothecaris het ten zeerste op prijs zou stellen deze leemte te kunnen aanvullen".²⁾

Die verslae waarna Leyds verwys maak tans 'n deel uit van die Leyds-argief wat in die Uniegebou gehuisves is. Die skenking van die sg. korrespondensie-groenboeke aan die Biblioteek van die Vredespaleis het my op die gedagte gebring om vas te stel watter buitelandse biblioteke groenboeke besit. In Nederland besit die Biblioteek van die Vredespaleis, die Koninklijke Bibliotheek en die Biblioteek van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Vereniging elk 'n aantal groenboeke. Die besit van die eersgenoemde twee biblioteke word in die Katalogus aangedui. Die Biblioteek van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Vereniging kon egter nie 'n lys van groenboeke aan my verskaf nie.

In Engeland besit die British Museum 'n klein aantal groenboeke en hulle word in die Katalogus aangedui.

Die Library of Congress is die buitelandse biblioteek wat die grootste aantal groenboeke besit - ongeveer 120. Hierdie biblioteek het 'n lys van groenboeke aan my verskaf wat heelwat meer items insluit as wat in sy Catalog³⁾ voorkom. T.o.v. ander Amerikaanse biblioteke

2) Ibid.

3) V.S.A. Library of Congress. A catalog of books represented by Library of Congress printed cards... Ann Arbor, Michigan; Edwards Brothers, 1942 - .

het ek my verlaat op inligting in die werk van Gregory.⁴⁾ Hierdie werk skyn egter misleidend te wees, want dit dui bv. aan dat die Biblioteek van die Harvard Law School die rapporte van die Departement van die Meester van die Hooggeregshof vir die jare 1894 - '97 besit. Navraag by die genoemde biblioteek het aan die lig gebring dat hulle nie een sodanige rapport besit nie. Volgens die volksraadsnotules het die enigste rapport van hierdie departement in 1899 vir die jaar 1898 verskyn.

II. SAMESTELLING

Die Katalogus bestaan uit drie afdelings:

1. 'n Lys van groenboeke alfabeties gerangskik volgens onderwerpe;
2. 'n Kronologiese lys van groenboeke;
3. Indeks.

1. ALFABETIESE ONDERWERPSLYS

Die groenboeke is hier ingeskryf onder onderwerpshoofde wat alfabeties gerangskik is. Die onderwerps-hoofde is so gekies dat hulle die saak waaroor die groenboeke handel die beste beskryf. Sg. kollektiewe onderwerps-hoofde soos konsessies, kontrakte, ooreenkomste ens. is vermy, en sodanige publikasies is ingeskryf onder die saak waarop dit betrekking het, bv. SEMENT — KONSESSIES. Algemene traktate wat die Z.A.R. met verskillende state gesluit het, is egter onder die onderwerps-hoof TRAKTATE ingeskryf omdat hulle oor 'n verskeidenheid van sake handel.

⁴⁾ Gregory, Winifred. List of serial publications of foreign governments 1815 - 1931. New York, Wilson, 1932. 720 p.

So is ook konvensies wat 'n spesifieke naam gekry het onder daardie naam ingeskryf, bv. KONVENSIE VAN LONDEN.

Waar daar meer as een groenboek onder 'n onderwerpshoof ingeskryf is, is die inskrywings normaalweg kronologies gedoen. Kruis- en skakelverwysings is tot 'n minimum beperk, en gebruikers word aangeraai om eers die indeks te raadpleeg wanneer spesifieke inligting verlang word.

Die titelbeskrywing is so na as moontlik soos dit op die titelblaaie (omslae) verskyn. Wanneer daar 'n baie opsigtelike fout op die titelblad voorkom, soos bv. 'n verkeerde datum, dan word dit soos volg aangedui: [!] So 'n fout word in 'n annotasie reggestel. Waar die impressum of 'n deel daarvan nie op die titelblad voorkom nie en elders in die werk gevind is, is dit tussen ronde hakies () geplaas. Indien die inligting buite die publikasie gevind is, is dit tussen vierkantige hakies [] geplaas. In enkele gevalle was dit nodig om die publikasiedatum te skat.

In die kollasie is slegs die totale aantal bladsye aangegee om 'n aanduiding te gee van die fisiese omvang van die publikasie. Sommige jaarverslae, bv. dié van die Departement van Mynwese, bevat soms statistiese en ander inligting op gevoude blaaie, wat in die kollasie as sulks aangedui is. Die nommers van groenboeke wat in genommerde reekse verskyn het, is onmiddellik ná die aantal bladsye tussen ronde hakies geplaas. Groenboeke wat nie in 'n genommerde reeks verskyn het nie, is aangedui met die woord „ongenommer" tussen ronde hakies.

Die besitaanduiding geskied by wyse van afkortings vir die name van die instansies wat die betrokke groenboek besit. Die afkortings staan in alfabetiese volgorde ná die kollasie. Die volgende afkortings is gebruik:

- BM British Museum, Great Russell Street, London.
W.C.I.
- CU Columbia University Libraries, Morningside
Heights, New York. N.Y.
- HC-BA Harvard College-Graduate School of Business
Administration, Cambridge 38, Massachusetts.
- JCL John Crerar Library, 35 West 33rd Street,
Chicago. Illinois.
- JOB Johannesburgse Openbare Biblioteek, Markplein,
Johannesburg.
- KA Kaapse Argiefbewaarplek, Koningin Victoria-
straat, Kaapstad.
- KB Koninklijke Bibliotheek, Lange Voorhout 34,
Den Haag.
- KOB Kimberleyse Openbare Biblioteek, Posbus 627,
Kimberley.
- LA Leyds-Argief, Privaatsak 236, Uniegebou,
Pretoria.
- LC Library of Congress, Washington. D.C.
- NYPL New York Public Library, 5th Avenue, New York 18.
- PB Parlementsbiblioteek, Parlementsgebou, Kaapstad.
- PU Ferdinand Postma-Biblioteek, P.U. vir C.H.O.,
Potchefstroom.
- SA Die Biblioteek, Universiteit van Suid-Afrika,
Posbus 392, Pretoria.
- SAB Suid-Afrikaanse Biblioteek, Koningin Victoria-
straat, Kaapstad.
- SB Staatsbiblioteek, Posbus 397, Pretoria.
- SPE S.P. Engelbrecht-versameling, N.H. Kerk-argief,
Jacob Maréstraat 210, Pretoria.
- TA Transvaalse Argiefbewaarplek, Privaatsak 236,
Uniegebou, Pretoria.
- TOD Die Biblioteek, Transvaalse Onderwysdepartement,
Van der Waltstraat 328, Pretoria.
- UC University of Chicago, Chicago, 37, Illinois.
- UK Jagger-Biblioteek, Universiteit van Kaapstad,
Rondebosch. K.P.
- UN Die Biblioteek, Universiteit van Natal,
Koning George V Laan, Durban.

- UP Merensky-Biblioteek, Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- US Die Biblioteek, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.
- USGS United States Geological Survey, Washington 25. D.C.
- UW Die Biblioteek, Universiteit van die Witwatersrand, Jan Smutslaan, Johannesburg.
- VA Vrystaatse Argiefbewaarplek, Privaatsak X0504, Bloemfontein.
- VP Biblioteek van die Vredespaleis, Den Haag.

Die annotasies is slegs van 'n beskrywende aard en het hoofsaaklik betrekking op die inhoud van die betrokke groenboek of groep groenboeke. Waar die soort inligting in die verskillende jaarverslae van 'n staatsdepartement jaarliks min of meer dieselfde is, is 'n omskrywing van die inhoud slegs na die eerste jaarverslag gegee. Indien die soort inligting as voor-die-hand-liggend beskou is, soos bv. by die finansiële begrotings, is daar geen annotasie na so 'n inskrywing gemaak nie.

Van enkele groenboeke bestaan daar amptelike vertalings in verskillende tale. Daar is egter nie aparte inskrywings vir sodanige vertalings gemaak nie. In die annotasies is daar wel na hulle verwys en die besit is aangedui.

Die inskrywings in hierdie afdeling van die Katalogus is genommer, en wel aan die linkerkant by die begin van elke inskrywing. In die kronologiese lys en die indeks word na hierdie nommers verwys.

2. KRONOLOGIESE LYS

Die inskrywings in hierdie afdeling van die Katalogus is kronologies gerangskik volgens die jaartal van publikasie, en nie volgens die jaar waarop die inhoud betrekking het nie. Onder elke jaartal word die groenboeke wat in genommerde reekse verskyn het eerste in numerieke volgorde ingeskryf. Daarna volg die ongenommerde groenboeke in alfabetiese volgorde volgens titels. Alfabetisering het hier volgens die woord-vir-woord-metode geskied, bv.

In zake mijnschool

Instructie voor het Departement...

Instructies voor het Departement...

Dit het dikwels gebeur dat dieselfde reeksnommer aan verskillende groenboeke toegeken is. Groenboeke met dieselfde reeksnommer is alfabeties gerangskik. Aangesien die inligting by die inskrywings in hierdie afdeling van die Katalogus beperk is tot die titels, word daar verwys na die inskrywingsnommers in die eerste afdeling waar vollediger bibliografiese gegewens gegee word.

3. INDEKS

Die syfers in die indeks verwys na die inskrywingsnommers in afdeling 1 van die Katalogus en nie na bladsynommers nie. Alie spesifieke onderwerpe (mense, plekke en dinge) wat in die titels en annotasies genoem word, en wat as belangrik genoeg geag is, is in die indeks ingeskryf. Name wat met Mc begin, is ingeskryf asof dit Mac geskryf word, bv. McCorkindale kom voor Magaliesberge. Wanneer inligting oor 'n spesifieke onderwerp verlang word, moet onder die spesifieke onderwerp gesoek word. Bv. wanneer inligting oor die Belfast-Lydenburg-spoorlyn verlang word, moet nie onder Spoorweë gesoek word nie, maar onder Belfast-Lydenburg-spoorlyn.

III. DE STAATSDRUKKERIJ DER ZUID-AFRIKAANSCH E REPUBLIEK

Die behoefte aan 'n drukpers vir 'n georganiseerde landsadministrasie is reeds reg aan die beginjare van die Zuid-Afrikaansche Republiek gevoel. In 'n toespraak in die Volksraad het president M.W. Pretorius in September 1857 gesê dat die behoefte aan 'n drukpers waarop die Republiek se wette en ander amptelike kennisgewings gedruk kon word, hom laat besluit het om die Natalse drukker Cornelis Petrus Moll te nader i.v.m. die oprigting van 'n drukpers in Potchefstroom – die destydse hoofstad van die Z.A.R.

Moll is waarskynlik die eerste gebore Suid-Afrikaner wat hom in die drukkersbedryf begeef het. Hy is in 1810 gebore en was die seun van 'n bemiddelde Kapenaar. Op aandrang van sy oud-onderwyser Charles Etienne Boniface het Moll in 1836 'n drukkersaak in Kaapstad opgerig en eers The Moderator of the Cape of Good Hope Impartial Observer en later De Meditator uitgegee. Sy loopbaan as drukker in die Kaapkolonie is in 1840 deur bankrotskap beëindig. In 1843 was Moll en Boniface in Natal waar hulle sedert 1844 De Natalier en Pietermaritzburgsche Trouwe Aanteekenaar uitgegee het. In dieselfde jaar is hulle vennootskap verbreek, en Moll was agtereenvolgens die eienaar en drukker van De Patriot/The Patriot, De Natalsche Patriot/The Natal Patriot, De Zuid-Oost Afrikaan en waarskynlik ook The Natal Chronicle.

Op aandrang van president Pretorius het Moll in 1857 met sy drukpers op 'n ossewa na Potchefstroom verhuis. Op 21 September 1857 is 'n kontrak, in Moll se handskrif opgestel, onderteken, waarvolgens hy verantwoordelik sou wees vir die druk van 'n weeklikse staatskoerant vir die Z.A.R., en waarvoor hy £100 per jaar sou ontvang. Hierbenewens sou die Regering aan hom 3d. vir elke kopie van die

staatskoerant betaal met 'n maksimum van £1 per week. Vier dae later, op 25 September 1857 het Moll die eerste Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek gedruk. Hierdie was die eerste vervolgpublikasie wat in Transvaal gedruk is, en het vier bladsye met drie kolomme per bladsy beslaan. Waarskynlik die enigste kopie wat tans bestaan, is deur prof. S.P. Engelbrecht aan die Transvaalse Argief-bewaarplek geskenk.

Net soos dit die geval in die Kaapkolonie aan die begin van die 19e eeu met die Caabsche Courant was, was die Staats Courant... ook nie 'n amptelike staatskoerant soos ons dit vandag ken nie. Die drukker was toegelaat om ook algemene nuus te publiseer. Daar was selfs af en toe 'n inleidingsartikel. Dit was juis hierdie vergunning wat vir Moll in onguns by die Regering gebring het. In 1859 het die Regering Moll se pers gekoop en die naam van die staatskoerant is verander na Gouvernements Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek, Moll en sy seun Cornelis jr. was nog die drukkers, maar nie langer die eienaar van die pers nie. In 1863 is die naam weer verander na Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek.

In 1860 het Pretoria die hoofstad van die Z.A.R. geword, maar die „staatsdrukkerij“ is eers in Augustus 1863 oorgeplaas na Pretoria. Net soos sy vader die eerste drukker in Potchefstroom was, so was Cornelis Moll jr. die eerste drukker in Pretoria.

Sedert 1859 het die Z.A.R. oor 'n pers beskik en 'n „staatsdrukker“ (C.P. Moll) was in beheer daarvan. Hierdie pers moes egter op 'n tydstip tussen 1863 en 1873 die eiendom van James Cooper Rous geword het. Rous het egter nog alle regeringsdrukwerk gedoen.

Ten einde 'n onafhanklike Transvaal-gesinde blad as teenvoeter vir die Brits-gesinde Transvaal Argus te kry, het president Burgers vir Jan F. Celliers van die Kaapstadse Het Volksblad genader om 'n pers in Pretoria op te rig. Die skip waarmee Celliers se drukkersuitrusting vervoer is, het onderweg na Durban gesink. In 1873 het Celliers in Pretoria aangeland en 'n ooreenkoms met Rous aangegaan waarvolgens Celliers drukwerk op Rous se pers sou doen, en die kontrak vir regeringsdrukwerk sou oorneem. Sedert 1873 is Celliers, eienaar van De Volksstem, dus die „staatsdrukker“. In 1876 het P.W.T. Bell tot die personeel van die drukkerij toegetree as voormandrukker.

Na die anneksasie van die Z.A.R. deur Engeland in 1877 het die Britse owerheid die kontrak vir regeringsdrukwerk weggeneem van Celliers en dit aan John Keith, eienaar van die Transvaal Advertiser, gegee. Charles Deecker wat later die eerste dagblad op die Rand uitgegee het, het op 'n stadium tydens die Engelse tussen-regering regeringsdrukwerk gedoen. Nrr. 1 - 14 van 1881 se Staats Courant is deur J.F. Borrius van Potchefstroom gedruk.

Na die Eerste Vryheidsoorlog het Celliers weer in besit van die kontrak vir regeringsdrukwerk gekom. Drukwerk wat hy vir die regering gedoen het, het altyd die naam J.F. Celliers in die impressum gehad.

In 1888 het Celliers sy drukkerij aan die Regering van die Z.A.R. verkoop vir 'n bedrag van £20,000. Van nou af het die naam „Staatsdrukkerij der Z.A. Republiek“ in die impressum van die regeringspublikasies verskyn. F.W.T. Bell, voormandrukker van Celliers, was nou in diens van die regering en in 1892 het hy die eerste

Direkteur van die Staatsdrukkerij geword – 'n pos wat hy tot 1900 beklee het. Hy het later die onderskeiding as Officier d'Académie Francaise ontvang.

Met die aankoop van Celliers se drukkerij het die Z.A.R. ook die eienaar van die nuusblad De Volksstem geword. Die Z.A.R. het egter slegs 'n paar dae in besit van De Volksstem gebly. Nadat 'n deel van die toerusting behou is om onder P.W.T. Bell die grondslag van die Staatsdrukkerij te vorm, is die res aan Wichert Jonker verkoop, en De Volksstem het voortbestaan as 'n onafhanklike nuusblad.

Sedert die begin van 1889 het die Staatsdrukkerij feitlik alle regeringsdrukwerk behartig. Van tyd tot tyd was dit egter nodig om drukwerk op kontrak uit te gee. So bv. is die rapport van die proefstasie te Waterval oor die runderpes (inskrywing nr. 256 in die Katalogus) in 1897 deur die Volksstem Drukkerij gedruk. Met die inname van Fretoria in 1900 deur die Britse magte het die Staatsdrukkerij der Zuid-Afrikaansche Republiek voortbestaan as die Government Printing Works.

IV. BEDANKINGS

'n Ad hoc-toekenning deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap (Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing) waardeur die samestelling van die Katalogus moontlik gemaak is, word hiermee met dank erken.

Ek betuig ook graag my dank aan die personeel van al die biblioteke en argiewe wat inligting verskaf het i.v.m. hulle groenboekbesit, of wat aan my toegang tot hulle groenboekversamelings verleen het.

'n Besondere woord van dank aan mej. A.H. Smith, Stadsbibliotekaresse, Johannesburgse Openbare Biblioteek, en prof. H.C. van Rooy, Hoof van die Departement Biblioteekkunde, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, onder wie se leiding die Katalogus saamgestel is. Nie alleen vir u raad en leiding nie, maar vir alle hulp, van watter aard ook al, wat u aan my verleen het, betuig ek hiermee my opregte dank.

Ten slotte wens ek alle persone te bedank wat aan my hulp verleen het, my aangemoedig het of belangstelling in die werk getoon het. In hierdie verband dink ek veral aan my bloedverwante en die personeel van die Ferdinand Postma-Biblioteek, F.U. vir C.H.O.

Potchefstroom.

Februarie 1966.

AFDELING 1

ALFABETIESE ONDERWERPSLYS

AFVALVERWYDERING — KONTRAKTE

- 1 Acte van overeenkomst [tussen die Z.A.R. en Sutherland en kie. vir die verwydering van afval (faecaliën) uit Pretoria]. [Geen impressum] (1892).
 4 p. (Ongenommer)
 TA

AKTES — VERSLAE

- 2 Verslag van den Registrateur van Akten over het jaar 1892. [Pretoria] Staatsdrukkerij, 1893.
 14 p. (nr. 10, 1893)
 LA; TA; US; VA
 Verslag word gedoen oor die volgende soorte dokumente wat geregistreeer is:- transporte, verbande, kontrakte, huweliksvoorwaardes, kinderbewyse en mynpagte. Verder word inligting gegee oor die inkomste van die aktekantoor, die aantal en waarde van getransporteerde eiendomme, 'n opgawe van eiendomme waarop verbande geneem is, en 'n vergelykende staat van die aantal geregistreeerde dokumente vir die laaste ses jaar.
- 3 Verslag van den Registrateur van Akten over het jaar 1893. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1894.
 17 p. (nr. 5, 1894)
 JOB; KA; LA; PB; TA; US; VA
- 4 Verslag van den Registrateur van Akten over het jaar 1894. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1895.
 10 p. (nr. 3, 1895)
 KA; KB; LA; TA; UP; US; UW; VA

AKTES — VERSLAG (vervolg)

- 5 Verslag van den Registrateur van Acten over het jaar 1895. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1896.
11 p. (nr. 5, 1896)
KA; KB; LA; TA; US; VA

- 6 Verslag van den Registrateur van Acten over het jaar 1896. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1897.
7 p. (nr. 6, 1897)
KA; LA; TA; UP; US; VA

- 7 Verslag van den Registrateur van Acten over het jaar 1897. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1898.
8 p. (nr. 4, 1898)
JOB; KA; LA; NYPL; TA; UP; VA

- 8 Rapport van den Registrateur van Acten over het jaar 1898. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1899.
12 p. (nr. 14, 1899)
JOB; KA; LC; PB; TA; US; VA

Hierdie verslag bevat ook inligting oor serwitude en algemene prokurasies. In tabelvorm word ook aangetoon hoeveel plase in elke distrik aan burgers, buitelanders, maatskappye en die regering behoort.

AMMUNISIE EN PLOFSTOWWE

- 9 Documenten betreffende een onderzoek naar de geldelijke administratie der Zuid-Afrikaansche Maatschappij van Ontploffbare Stoffen beperkt door het Departement van Inspectie. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1898.

51 p. (Ongenommer)

TA; VA

Na aanleiding van die verslag van die Industriële Kommissie (kyk nr. 90) het die Departement Inspeksie die geldelike sake van die betrokke maatskappy ondersoek. Hierdie groenboek bevat die bevindinge van die Departement van Inspeksie, asook korrespondensie tussen die regering van die Z.A.R. en L.G. Vorstman.

- 10 Correspondentie van de Zuid-Afrikaansche Republiek met betrekking tot het staatsmonopolie voor de vervaardiging enz. van kruit, ammunisie, dynamiet en alle ander ontplofbare stoffen. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1899.

18 p. (nr. 7, 1899)

JOB; KA; KB; LC; PU; SA; SAB; SB; SPB; TA; UK; UP; US; VA; VP

Die korrespondensie staan in verband met die Britse regering se protes teen die Z.A.R. se monopolie vir die vervaardiging van plofstowwe en die Z.A.R. se weerlegging van die protes. Volgens die Britse regering was dit strydig met art. 14 van die Londense Konvensie dat Britse fabrikante van plofstowwe dit nie in die Z.A.R. kon verkoop nie.

As aanhangsel is daar 'n kontrak wat aangegaan is tussen die Z.A.R. en L.G. Vorstman (kyk nr. 12), asook regulasies i.v.m. die staatsmonopolie vir die vervaardiging, verkoop, handeldryf, in- en uitvoer van plofstowwe.

AMMUNISIE EN PLOFSTOWWE — KONTRAKTE

kyk ook

DINAMIETKONTRAK

- 11 Contract tusschen de Regering der Z.A. Republiek en den heer Edw. Lippert in zake fabricatie en den verkoop van ammunitie en ontplofbare stoffen. Pretoria, Staatsdrukkerij (1887)
14 p. (Ongenommer)
TA
- 12 Nieuw-contract tusschen de Regeering der Zuid-Afrikaansche Republiek en Lambertus Gerhardus Vorstman van Pretoria betreffende de uitvoering van het staatsmonopolie voor de vervaardiging, de verkoop, het handeldrijven en den in- en uitvoer van kruit, ammunitie, dynamiet en alle andere ontplofbare stoffen; en regulatien. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1894.
14 p. (Ongenommer)
TA; VA

ASIATIESE PES

- 13 Rapport van de conferentie ter bestrijding van de Aziatiese pest, gehouden te Pretoria den 30n Januari 1899. [Geen t.p.] (1899).

11 p. (Ongenommer)

TA

Die volgende gebiede was op die konferensie verteenwoordig: Kaapkolonie, Zuid-Afrikaansche Republiek, Mosambiek, Oranje-Vrystaat en Natal.

Die rapport bevat die volgende inligting:

1. Regulasies ter voorkoming van die binnekoms van die pes vanaf oorsee;
2. Regulasies i.v.m. die behandeling vir die pes;
3. Aanbevelings;
4. Definisie van 'n besmette plaas;
5. Minderheidsrapport.

BANKWESE

- 14 Concessie tot het oprichten eener bank genaamd De Nationale Bank der Z.A. Republiek beperk. [Pretoria] Staatsdrukkerij, 1890.

11 p. (Ongenommer)

LA; TA; VA

- 15 De Nationale Bank der Zuid-Afrikaansche Republiek (beperkt). Standing instructions to officers. Bank concession - Bank note law - Mint law. Pretoria, "The Press", 1892.

47 p. (Ongenommer)

TA

Bevat die volgende:

1. Die konsessie (kyk nr. 14) met 'n Engelse vertaling;
2. Wet nr. 22/1892 (die bankwet van die Z.A.R.)
3. Wet nr. 14/1891 (die muntwet van die Z.A.R.)
4. Standing instructions to officers (slegs in Engels)
5. Insolvensiewette van die Kaapkolonie en Natal;
6. 'n Alfabetiese indeks in Nederlands en Engels.

BANKWESE (vervolg)

- 16 Statuten van de Nationale Bank der Zuid-Afrikaansche Republiek (beperkt) / Articles of association of The National Bank of the South African Republic (limited) Pretoria, "The Press", 1892.

28 p. (Ongenommer)

JOB; TA

BELFAST-LYDENBURG-SPOORLYN — SPESIFIKASIES

- 17 Overeenkomst aangaande den bouw van de spoorweglijn. Belfast-Dullstroom-Lijdenburg. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1899.

11 p. (Ongenommer)

JOB; TA; US

Spesifikasies vir die bou van die spoorlyn.

BLOEMFONTEINSE KONFERENSIE

18 Notulen der verrichtingen van de conferentie op 31 Mei 1899 en volgende dagen te Bloemfontein in den Oranje-Vrijstaat gehouden tusschen Zijn Hoog Edele den Staatspresident van de Zuid-Afrikaansche Republiek en Zijne Excellentie den Hoogen Commissaris. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1899.

54 p. (nr. 4, 1899)

BM; JOB; KA; KB; LC; PB; PU; SA; SAB; SB; SPE; TA; UK; UP; US; VA; VP

'n Weergawe van die samesprekings tussen president Kruger en sir Alfred Milner, Hoë Kommissaris van die Kaapkolonie. Die samesprekings was hoofsaaklik oor stemreg aan uitlanders na aanleiding van 'n petisie met 21,000 naamtekeninge van Britse onderdane aan die Britse regering. Bevat ook 'n memorie aan die regering van die Z.A.R., onderteken deur 22,500 uitlanders, waarin hulle hul afkeur uitspreek oor die inhoud van die petisie. In 'n verdere memorie aan die president spreek die uitlanders hulle tevredenheid uit met die toestande in die Z.A.R. Die volgende memoranda van die President en die Hoë Kommissaris is opgeneem:

1. Toegewings van die President t.o.v. stemreg aan uitlanders;
2. Antwoord van die Hoë Kommissaris waarin hy die bogenoemde toegewings afkeur;
3. Wysiging deur die President van sy bogenoemde toegewings;
4. Antwoord van die Hoë Kommissaris waarin die plan opnuut afgekeur word;
5. Memorandum van die President waarin hy sy leedwese uitspreek oor die Hoë Kommissaris se weiering van die stemregvoorstelle.

In 'n aantal bylaes verskyn beëdigde verklarings om die valsheid van naamtekeninge op die uitlanderpetisie aan die lig te bring.

Engelse stukke is in Nederlands vertaal.

BLOEMFONTEINSE KONFERENSIE (vervolg)

- 19 Memoranda gewisseld tusschen ZHEd. den Staats-president der Z.-A. Republiek en Z. Exc. den Hoogen Commissaris gedurende de conferentie gehouden te Bloemfontein op 31 Mei 1899 en volgende dagen. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1899.
- 13 p. (Ongenommer)
- JOB; KA; LA; LC; PB; PU; SA; SB; SPB;
TA; UP; US; UW; VA; VP
- 'n Herdruk van die vyf memoranda genoem in nr. 18.

BUITELANDSE BETREKKINGE

- 20 Memorandum aangaande de tegenwoordige toestand van de buitelandse relaties der Republiek. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1899.
- 7 p. (Ongenommer)
- JOB; LA; TA; VA
- 'n Verslag deur M.J. Farrelly oor die kritieke toestand op politieke gebied kort voor die uitbreek van die oorlog in 1899.
- VA besit ook 'n Engelse vertaling.

BUITELANDSE SAKE — DIPLOMATIEKE KORPS

- 21 Reglement voor de consulaire ambtenare der Zuid-Afrikaansche Republiek in het buitenland. [Pretoria] Staatsdrukkerij, 1896.
- 11 p. (Ongenommer)
- JOB; KA; LC; VA
- Engelse vertaling in besit van:
JOB; KA; LC; TA; VA
- Duitse vertaling in besit van:
JOB; KA; LC; TA; VA
- Franse vertaling in besit van:
JOB; KA; LC; VA
- Die verantwoordelikhede en kleredrag van buitelandse verteenwoordigers word beskryf.
- Die Engelse, Duitse en Franse vertalings het in 1895 verskyn.

BUITELANDSE SAKKE — DIPLOMATIEKE KORPS (vervolg)

- 22 Corresponentie van de Zuid-Afrikaansche Republiek met betrekking tot de aanstelling van een consul-generaal der Zuid-Afrikaansche Republiek te Kaapstad. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1899.

13 p. (nr. 3, 1899)

JOB; KA; KB; LC; PB; PU; SAB; SB; SPE;
TA; UK; UP; US; VA; VP

Korrespondensie tussen die Z.A.R. aan die een kant, en die Koloniale Sekretaris te Kaapstad en die Britse Agent te Pretoria aan die ander kant, i.v.m. die aanstelling van Carl Jeppe as Konsul-Generaal van die Z.A.R. te Kaapstad. Die Kaapse regering het geen beswaar gemaak teen hierdie benoeming nie, maar het aan die hand gedoen dat die goedkeuring van die Britse regering gevra word. Die Britse Agent te Pretoria het egter beswaar gemaak teen Jeppe se benoeming omdat die Britse regering nie in die eerste instansie genader is nie, en omdat die redes vir die benoeming nie genoem is nie. Om aan te toon dat hy wel volgens die gebruikelike prosedure gehandel het, het die Z.A.R. afskriften van sy korrespondensie i.v.m. die benoeming van Jan Hendrik Arnold Balwe as sy Konsul in Natal aangeheg. Die redes vir die benoeming van Jeppe word in hierdie groenboek verstrek.

Engelse stukke is in Nederlands vertaal.

BURGERREGTE

- 23 Rapport van de burgerrechten-commissie. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1893.

12 p. (nr. 12, 1893)

SB; TA; UW; VA

Die rapport handel oor die toekenning van dorps-erwe aan burgers.

Daar word verwys na 'n vorige rapport (7 Junie 1892), waarvan daar tans skynbaar geen eksemplaar in Suid-Afrika bestaan nie.

DINAMIETKONTRAK

- 24 Correspondentie gevoerd tusschen Harer Britsche Majesteits Gouvernement en de Regeering der Zuid-Afrikaansche Republiek in zake het dynamiet-contract. [Geen t.p.] (1899).

8 p. (Ongenommer)

TA; UP

Hierdie korrespondensie is ook opgeneem in nr. 10. Engelse stukke is in Nederlands vertaal.

DINAMIETONTPLOFFING, BRAAMFONTEIN, 1896

- 25 Notulen van de commissie van ondersoek in zake de dynamiet-ontploffing te Johannesburg. [Geen t.p.], (1896).

48p. (Ongenommer)

JOB; TA; US

Die ondersoek het geduur van 4 Maart tot 20 Maart 1896.

Behalwe die notule van die ondersoek bevat dit ook die volgende:

1. 'n Tegniese rapport deur die skeikundige J.R. Williams;
2. 'n Tegniese rapport deur die skeikundige R.R. Tatlock;
3. Die rapport van die kommissie van ondersoek.

Die twee tegniese rapporte is in Nederlands vertaal.

Die rapport van die kommissie van ondersoek is ook apart deur die Staatsdrukkerij in 1896 gepubliseer en is in besit van:

LA; VA

FINANSIES

- 26 Finansiële mededeelings van de deputatie der
Zuid-Afrikaansche Republiek, [Geen plek] „De brakke
grond" printer, 1884.
45 p. (Ongenommer)
JOB; PU; VA
Hierdie finansiële mededelings is deur die deputasie
(Kruger, du Toit en Smit) aan die Nederlandse volk
gerig, om dit vir die Z.A.R. moontlik te maak om tot
kragtige ekonomiese ontwikkeling te geraak. As 'n
bylaag bevat dit die Z.A.R. se begroting vir 1.1.1883
tot 31.12.1883.
- 27 Vertrouwelijke finantiële stukken medegedeeld
door de deputatie aan de regeering en wetgeving der
Zuid-Afrikaansche Republiek. Amsterdam, J.H. Kruyt,
1884.
48 p. (Ongenommer)
TA; VP
Hoofsaaklik Konsessie-aanvrae vir spoorweë en
banke.
Bevat 'n inhoudsopgawe.
- 28 Generale instructie regelende de wijze van het
houden en indienen der rekeningen van 's lands
inkomsten en uitgaven der Zuid Afrikaansche Republiek.
Pretoria, J.F. Celliers, 1887.
26 p. (Ongenommer)
JOB; TA; VA
'n Hersiene uitgawe het in 1894 by die Staats-
drukkerij verskyn, en is in besit van:
TA; VA

FINANSIES — AMORTISASIEFONDS

Al die jaarverslae van die kommissie van beheer van hierdie fonds is beskikbaar in die Republiek van Suid-Afrika.

- 29 Verslag van de commissie van beheer van het amortisatie-fonds over het jaar beginnende 11 Juli 1893 tot en met 31 December 1893. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1894.

3 p. (nr. 15, 1894)

LA; SB; TA; US; UW; VA

Hierdie is die eerste verslag oor die fonds wat verskyn het, en bevat die volgende bylaes:

1. 'n Ontleding van die aantal applikasies, bedrag aangevra, waardasie, en bedrag toegestaan in die verskillende distrikte;
2. 'n Staat wat die bedrag wat van die regering ontvang is, die bedrag wat uitbetaal is, en die balans aantoon.

- 30 Verslag van de commissie van beheer van het amortisatie-fonds over het jaar beginnende den 1sten Januari 1894 tot en met 31sten December 1894. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1895.

4 p. (nr. 13, 1895)

KB; SB; TA; UW

- 31 Verslag van de commissie van beheer van het amortisatie-fonds over het jaar beginnende den 1sten Januari 1895 tot en met 31sten December 1895. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1896.

5 p. (nr. 15, 1896)

LA; SB; TA; UP; US

Vanaf hierdie verslag word 'n ge-ouditeerde balansstaat by die gewone inligting gevoeg.

FINANSIES — AMORTISASIEFONDS (vervolg)

- 32 Verslag van de commissie van beheer van het
amortisatiefonds over het jaar 1896. Pretoria,
Staatsdrukkerij, 1897.
4 p. (nr. 14, 1897)
SB; TA; UP; UW
- 33 Verslag van de commissie van beheer van het
amortisatiefonds [!] over het jaar 1897.
Pretoria, Staatsdrukkerij, 1898.
8 p. (nr. 17, 1898)
JOB; KA; LA; NYPL; SB; TA; UP; US; UW
Vanaf 1897 is die „Arme-burger-fonds" onder be-
heer van hierdie Kommissie ingestel.
Bevat behalve die gewone inligting ook n balans-
staat van die arme-burger-fonds.
- 34 Verslag van de commissie van beheer van het
amortisatiefonds over het jaar 1898. Pretoria,
Staatsdrukkerij, 1899.
11 p. (nr. 19, 1899)
JCL; JOB; KA; LA; LC; NYPL; PB; SB; TA;
US; UW; VA

FINANSIES — BEGROTINGS

- 35 Begrooting van vermoedelijke ontvangsten en uitgaven in de Zuid-Afrikaansche Republiek voor het dienstjaar 1881. [Pretoria] (J.F. Celliers) [1881?].

12 p. (Ongenommer)

TA

Hierdie eerste begroting van die Z.A.R. ná die Transvaalse tussen-regering dek die tydperk 8.8.1881 tot 31.12.1881. Dit is gepubliseer as 'n byvoegsel tot die Staatscourant van 5.1.1882.

Al die begrotings van die Z.A.R. is onder die volgende hoofde opgestel:

1. Balansstaat van verwagte inkomste en uitgawe;
2. Opgawe van verwagte inkomste volgens departemente en bron van inkomste;
3. Opgawe van verwagte uitgawes volgens departemente en dienste.

- 36 Begrooting vermoedelijke ontvangsten en uitgaven voor het dienstjaar van af den 1sten Januarij tot en met den 31sten dag van December 1882. [Geen impresum, 1882?].

20 p. (Ongenommer)

TA

- 37 Begrooting van vermoedelijke ontvangsten en uitgaven voor het dienstjaar van af den 1sten Januarij tot en met den 31sten dag van December 1883. [Geen impresum, 1883?].

23 p. (Ongenommer)

TA

Hierdie was waarskynlik 'n voorlopige begroting. Die eksemplaar van TA bevat verbeteringe met ink en is op wit papier gedruk.

FINANSIES — BEGROTINGS (vervolg)

- 38 Begrooting van vermoedelijke ontvangsten en uitgaven voor het dienstjaar van af den 1sten Januarij tot en met den 31sten dag van December 1883.
[Geen impressum, 1883?].
23 p. (Ongenommer)
TA
Hierdie is waarskynlik 'n finale begroting (kyk nr. 37 hierbo) Verbeteringe met ink in die vorige is hier in ag geneem, en dit is op blou papier gedruk.
- 39 Begrooting van vermoedelijke ontvangsten en uitgaven voor het dienstjaar van af den 1sten April 1884 tot en met den 31sten dag van Maart 1885. [Geen impressum, 1884?].
23 p. (Ongenommer)
TA
- 40 Begrooting van vermoedelijke ontvangsten en uitgaven voor het dienstjaar van af den 1sten April 1885 tot en met den 31sten dag van Maart 1886.
[Geen impressum, 1885?].
23 p. (Ongenommer)
TA; US
- 41 Begrooting van vermoedelijke ontvangsten en uitgaven voor het dienstjaar van af den 1sten April 1886 tot en met den 31sten Maart 1887. [Geen impressum, 1886?].
23 p. (Ongenommer)
TA

FINANSIES — BEGROTINGS (vervolg)

- 42 Begrooting van vermoedelijke ontvangsten en uitgaven voor het dienstjaar van af den 1sten Januarij tot en met den 31sten December 1887. Pretoria, J.F. Celliers [1887?].
28 p. (Ongenommer)
TA
- 43 Begrooting van vermoedelijke ontvangsten en uitgaven voor het dienstjaar van af den 1sten Januarij tot en met den 31sten December 1888. Pretoria, J.F. Celliers [1888?].
31 p. (Ongenommer)
TA
- 44 Begrooting van vermoedelijke ontvangsten en uitgaven voor het dienstjaar van af den 1sten Januari tot en met den 31sten December 1889. [Pretoria], Staatsdrukkerij [1889?].
35 p. (Ongenommer)
TA
- 45 Begrooting van vermoedelijke ontvangsten en uitgaven voor het dienstjaar van af den 1sten Januari tot en met den 31sten December 1890. [Pretoria], Staatsdrukkerij [1890?].
38 p. (Ongenommer)
TA
- 46 Begrooting van vermoedelijke ontvangsten en uitgaven voor het dienstjaar van af den 1sten Januari tot en met den 31sten December 1891. [Pretoria], Staatsdrukkerij [1891?].
35 p. (Ongenommer)
TA

FINANSIES — BEGROTINGS (vervolg)

- 47 Begrooting van vermoedelijk ontvangsten en uitgaven voor het dienstjaar van af den 1sten Januari tot en met den 31sten December 1892. [Pretoria] Staatsdrukkerij [1892?].
34 p. (Ongenommer)
SB; TA
- 48 Begrooting van vermoedelijke ontvangsten en uitgaven voor het dienstjaar van af den 1sten Januari tot en met den 31sten December 1893. [Geen impressum, 1893?].
37 p. (Ongenommer)
SB; TA
- 49 Begrooting van vermoedelijke ontvangsten en uitgaven voor het dienstjaar van af den 1sten Januari tot en met den 31sten December 1894. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1894.
37 p. (Ongenommer)
TA
- 50 Concept-begrooting van vermoedelijke ontvangsten en uitgaven voor het dienstjaar van af den 1sten Januari tot en met den 31sten December 1895. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1895.
42 p. (Ongenommer)
JOB
Vanaf 1895 is twee begrotings elke jaar gepubliceerd, nl. 'n konsepbegroting en 'n goedgekeurde begroting.

FINANSIES — BEGROTINGS (vervolg)

- 51 Begrooting van vermoedelijke ontvangsten en uitgaven voor het dienstjaar van af den 1sten Januari tot en met den 31sten December 1895. [Geen impressum, 1895?].
- 42 p. (Ongenommer)
- KB; TA; US; VA
- Gepubliseer as 'n byvoegsel tot De Staatscourant, 23. October 1895.
- By hierdie begroting is daar ook 'n apart-gepagineerde memorie van toeligting. Behalwe die gewone inligting is daar ook 'n vergelykende staat van verwagte inkomste en uitgawe vir 1895 en die werklike inkomste en uitgawe vir 1894.
- 52 Concept-begrooting van vermoedelijke ontvangsten en uitgaven voor het dienstjaar van af den 1sten Januari tot en met den 31sten December 1896. [Geen impressum, 1896?].
- 44 p. (Ongenommer)
- JOB; LC; US
- Behalwe die gewone inligting is daar ook 'n verslag van die begrotingskommissie.
- 53 Begrooting van vermoedelijke ontvangsten en uitgaven voor het dienstjaar van af den 1sten Januari tot en met den 31sten December 1896. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1896.
- 42 p. (Ongenommer)
- TA

FINANSIES — BEGROTINGS (vervolg)

- 54 Begrooting van vermoedelijke ontvangsten en uitgaven voor het dienstjaar van af den 1sten Januari tot en met den 31sten December 1897, zooals vastgesteld door den Eersten Volksraad. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1897.

42 p. (Ongenommer)

TA; US

Uit die titel blyk dit dat hierdie 'n goedgekeurde begroting is. Indien daar ook 'n konsepbegroting vir 1897 was, dan bestaan daar tans nie meer 'n eksemplaar nie.

- 55 Concept-begrooting van vermoedelijke ontvangsten en uitgaven voor het dienstjaar van af den 1sten Januari tot en met den 31sten December 1898, zooals herzien door de begrootings-commissie uit den EdeAchtb. Eersten Volksraad. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1898.

42 p. (Ongenommer)

TA

- 56 Begrooting van vermoedelijke ontvangsten en uitgaven voor het dienstjaar van af den 1sten Januari tot en met den 31sten December 1898, zooals vastgesteld door den Eersten Volksraad. [Geen impressum, 1898?].

50 p. (Ongenommer)

KA; TA

Verskeie bladsye is blank gelaat - waarskynlik vir lede van die Volksraad om aantekeninge te maak.

- 57 Concept-begrooting van vermoedelijke ontvangsten en uitgaven voor het dienstjaar van af den 1sten Januari tot en met den 31sten December 1899, zooals herzien door de begrootings-commissie uit den E.A. Eersten Volksraad. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1899.

60 p. (Ongenommer)

SPE; TA

FINANSIES — BEGROTINGS (vervolg)

- 58 Begrooting van vermoedelijke ontvangsten en uitgaven voor het dienstjaar van af den 1sten Januari tot en met den 31sten December 1899, zooals vastgesteld door den E.A. Bersten Volksraad. [Geen impressum, 1899?].
53 p. (Ongenommer)
JOB; KA; TA; US
- 59 Suppletaire begrooting; uitgaven over de zes maanden 1 Januari tot 30 Juni 1900. [Geen impressum, 1900?].
8 p. (Ongenommer)
SB
Volgens die tipografie is hierdie stuk waarskynlik nie te Pretoria deur die Staatsdrukker gedruk nie.

FINANSIES — BEGROTINGS — SWAZILAND

- 60 Begrooting van vermoedelijke ontvangsten en uitgaven voor Swazieland voor het dienstjaar van af den 1sten Januari tot en met den 31sten December 1898. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1898.
7 p. (Ongenommer)
TA

FINANSIES — BELASTINGGAARDERS

- 61 Handleiding voor belastinggaarders der Zuid-Afrikaansche Republiek. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1894.
81 p. (Ongenommer)
TA
Bevat 'n inhoudsopgawe.

FINANSIES — STAATSLENING

- 62 Rapport van de commissie aangesteld door de HEd. Regeering voor het uitbrengen van een verslag over de staatsleening. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1894.

2 p. (nr. 16, 1894)

LA; SB; VA

Hierdie en die volgende twee verslae het betrekking op 'n bedrag van £2½miljoen wat die Regeering deur bemiddeling van die firma Rothschild en Zonen in Engeland geleen het vir spoorwegdoeleindes.

- 63 Rapport van de commissie aangesteld door de H.Ed. Regeering voor het uitbrengen van een verslag over de staats-leening. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1896.

3 p. (nr. 11, 1896)

SB; TA; US; VA

- 64 Rapport van de commissie aangesteld door de HEd. Regeering voor het uitbrengen van een verslag over de staats-leening. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1897.

2 p. (nr. 17, 1897)

KA; LA; SB; TA; US; VA

FINANSIES — TOLGELD

- 65 Regelen en bepalingen omtrent tollens in de Zuid-Afrikaansche Republiek, en regulatien voor tolgaarders. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1891.

12 p. (Ongenommer)

TA

GAS EN ELEKTRISITEIT — KONSESSIES

- 66 Gas- en electriciteits-concessie te Johannesburg, benevens overeenkomst straatverlichting. [Pretoria], Staatsdrukkerij, 1892.

39 p. (Ongenommer)

TA

'n Ooreenkoms tussen die Z.A.R. en die firma Dawson & Hamilton.

- 67 Bepalingen betreffende de overname der verlichtingswerken te Johannesburg door het gezondheids-comité aldaar. [Pretoria], Staatsdrukkerij, 1896.

12 p. (Ongenommer)

TA; VA

- 68 Akte van vergunning (verleend aan de Pretoria Verlichting Maatschappij beperkt). [Pretoria], Staatsdrukkerij, 1897.

12 p. (Ongenommer)

TA; VA

GOEWERMENTS-ENTREPÔT

- 69 Contract met de heeren C. van den Burg en H.N. de Wilde in zake het oprichten van een gouvernement's entrepôt te Smitsdorp. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1889.

4 p. (Ongenommer)

TA

'n Kontrak vir die oprigting van 'n gebou vir die berging van goedere.

GRONDWET

- 70 Rapport der commissie uit den B.A. Bersten Volksraad inzake grondwet-herziening en systematische rangskikking der locale wetten. [Geen plek en uitgewer], (1898).

26 p. (Ongenommer)

SPE; TA

Na aanleiding van die kwessie van die toetsingsreg van die hooggeregshof (kyk nr. 75) is 'n kommissie uit die Berste Volksraad aangestel om in oorleg met die regering voorstelle te formuleer tot hersiening van die grondwet met die oorweging dat dit wenslik was om die bepalinge wat nie in 'n grondwet tuis hoort nie daaruit te verwyder; om die bevoegdhede en die onafhanklikheid van die verskillende staatsmagte duidelik vas te stel en te reël; en om bestaande wetgewing stelselmatig te rangskik en waar nodig aan te vul, te wysig en te verduidelik.

- 71 Rapport der commissie van de Zuid-Afrikaansche Republiek en den Oranje Vrijstaat tot gelijkvormigmaking, zoover doenlijk, van de constitutien der beide staten. [Geen impressum, 1899?].

4 p. (Ongenommer)

JOB

HOOGGEREGSHOF — REGULASIES EN REËLS

- 72 Regulatien en regels van het Hoog Gerechtshof der Zuid-Afrikaansche Republiek onder en krachtens proclamatie van 9den Augustus 1881. Pretoria, J.F. Celliers, (1887).

36 p. (Ongenommer)

TA

HOOGGEREGSHOF — REGULASIES EN REËLS (vervolg)

- 73 Regulatien en regels van het Hoog Gerechtshof der Zuid-Afrikaansche Republiek onder en krachtens proclamatie van den 9den Augustus 1881. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1892.

42 p. (Ongenommer)

TA

n Hersiene uitgawe van die vorige nommer. Dit bevat n alfabetiese indeks.

- 74 Regulatien en regels van Hooggerechtshof der Zuid-Afrikaansche Republiek. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1899.

68 p. (Ongenommer)

TA

Bevat n alfabetiese indeks.

HOOGGEREGSHOF — TOETSINGSREG

- 75 Correspondentie met betrekking tot de Hooggerechts-hof-kwestie in zake het toetsingsrecht. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1898.

126 p. (nr. 1, 1898)

BM; JOB; KA; KB; LC; NU; PB; PU; SA; SB; SPE; TA; UK; US; VA; VP

Bevat n inhoudsopgawe op die 76 stukke i.v.m. die toetsingsreg van die hooggeregshof, waaronder die korrespondensie i.v.m. die ontslag van hoofregter J.G. Kotze. Uittreksels uit die volgende hooggereghofsake is opgeneem:

McCorkindale vs. W.E. Bok;
Brown vs. dr. Leyds;
Brown vs. dr. Leyds en Dieperink;
Doms vs. Bok;
Hess vs. die staat.

HOOGGEREGSHOF — VERSLAE

kyk ook

WEESKAMER — VERSLAE

Hoewel die hofverslae wat kwartaalliks verskyn het die impressum van die Zuid-Afrikaansche Republiek dra, word hulle nie beskou as die amptelike verslae van die Departement Justisie (Departement van die Meester van die Hooggeregshof) nie, en is derhalwe nie in hierdie katalogus opgeneem nie. Die volledige stel hofverslae is in die Transvaalse Argiefbewaarplek. Die inskrywing wat hieronder volg, is vir die jaarverslag van die Departement van die Meester van die Hooggeregshof, wat voorheen 'n afdeling van die Weeskamer was.

- 76 Rapport van het Departement van den Meester van het Hooggerechtshof der Z.-A. Republiek voor het jaar eindigende 31 December 1898. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1899.

1 p. (nr. 6, 1899)

JOB; KA; LA; LC; PB; SB; TA; US; VA

HOSPITALE

kyk ook

KRANKSINNIGEGESTIG, PRETORIA

HOSPITALE — REËLS EN REGULASIES

- 77 Regulatien voor het Klerksdorp hospitaal / Regulations for the Klerksdorp hospital. [Geen impressum, 189?].

16 p. (Ongenommer)

TA

HOSPITALE — REËLS EN REGULASIES (vervolg)

- 78 Regels voor het Volkshospitaal te Pretoria.
[Pretoria], Staatsdrukkerij, 1892.
8 p. (Ongenommer)
TA
- 79 Regelen en voorschriften van het Barberton hos-
pitaal. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1898.
13 p. (Ongenommer)
TA

HOSPITALE — VERSLAE

- 80 Rapporten over de hospitalen in de Zuid-
Afrikaansche Republiek over het jaar 1890.
Pretoria, Staatsdrukkerij, 1892.
47 p. (nr. 1, 1892)
KA; KB; LA; TA; US; VA
Verslae oor die volgende hospitale is opgeneem;
1. Volkshospitaal te Pretoria;
2. Johannesburg;
3. Barberton;
4. Leprozenhuis, Pretoria;
5. Klerksdorp;
6. Haenertsburg.
- 81 Rapporten over de hospitalen in de Zuid-Afrikaansche
Republiek over het jaar 1891. Pretoria, Staats-
drukkerij, 1895.
32 p. (nr. 2, 1895)
KA; TA; US; VA
Verslae oor dieselfde hospitale as wat in nr. 80
hierbo genoem is.

IN- EN UITVOER — KONTRAKTE

- 82 Overeenkomst tusschen de Hoog-Ed. Regeering der Z.A. Republiek te Pretoria, en de Oost-Afrikaansche Compagnie te Rotterdam, Nederland. [Geen impressum], (1893).

3 p. (Ongenommer)

TA

Die Oost-Afrikaansche Compagnie is benoem as agent van die Z.A.R. te Lourenco Marques, en is hoofsaaklik belas met die ontvangs en versending van goedere en materiaal vir die Z.A.R.

INDIËRKWESSIE

- 83 Rapport van de commissie benoemd in de geheime zitting van den E.A. Bersten Volksraad op 19 Augustus 1893 in zake de „Koeliekwestie". (Pretoria, Staatsdrukkerij, 1893).

6 p. (Ongenommer)

SB; UW

